Geliefde Lourensrivierder

Hierdie is alweer ons laaste Nuuskrummels van die kwartaal en ons kan soos altyd met reg sê “tyd het gevlieg”... Tyd is darem kosbaar en het eintlik deesdae ‘n kommoditeit geword soos mense sê. Dit is geweldig moeilik om tyd te hê (te maak) vir alles met die 24 uur per dag wat God ons gee. Dis natuurlik óók iets om oor te dink... tyd behoort nie aan ons nie, dit behoort aan God... dis God se tyd... HY skenk dit aan ons..

Ek het in die week ‘n baie-baie kragtige boodskap van Peter Tan-Chi aangaande tyd gehoor wat my denke alweer só vernuwe het!
Hy sê “When you say "I have no time", you might as well say, "I'm sorry, it's not important to me" or "I'm sorry, it's not my priority". Having no time is a myth. If something is important to you, you'll make time for it.”

Die hele boodskap is op ons FB Blad, Lourensrivier se Mense, gelaai (https://www.facebook.com/LourensrivierGemeente/)

Doen jouself asb ‘n guns en gaan luister daarna (dis maar net 2 min lank).
Hier is die skakel op die Youtube Kanaal: https://www.youtube.com/watch?v=wNq7Xa-jVWo

Geniet die skoolvakansie saam met jou gesin, neem tyd vir rus en batterylaai en kom veilig terug. Vir dié wat nie op verlof kan gaan nie, mag jy ook tydjie afknyp vir bietjie diep asemhaal en jouself herlaai. Mag ons ook almal by Jesus se kragprop inge”plug” wees vir volhoubare krag!
Desember is om die draai♫

NUUSKRUMMELS: 19 September 2019

NUUS UIT DIE KERKKANTOOR:

BELANGRIK

- Geen DINAMIET KIEDZ & LIFELINE op 22 & 29 September a.g.v. skoolvakansie
- **Ds Petrie sal met verlof wees van 22/09/19 – 30/09/19. Ds Bas Peters sal vir hom instaan in hierdie tyd. Hy kan gekontak word by: 082 823 1762.**
- **BELYDENIS AFLEGGING sal op 20 Oktober plaasvind gedurende die oggenddiens @ 09h00.** Ons nooi al die familie, vriende en wie hulle ookal wil kom ondersteun, om die spesiale gebeurtenis saam met hulle te kom deel. Leiers is: Liesbet @ 0736300268 en Constant @ 0722243267

Lifeline nooi jou uit om op 13 Oktober saam met hul deel te hê aan onderstaande jeugproduksie

WOEKERHOEKIE:

Anna se Marmelade @ R35
Canola & Olyfolie @ R85
Gewone Canola Olie @ R75
Lappiesboontjies @ R50/kg
Heuning @ R60 per potjie (400ml)
Anna se Kleinkoekies @ R25 per pakkie

Droëvrugte uit Ceres @ R70 p/kg
Perskes (lospit); Pruime; Pere; Rosyne; Gemengde vrugte

Ons het ook 'n GROOOOT verskeidenheid van ander droëvrugte in verskillende grotes, bv. Mango, Appelkoos, Aarbei, Songedroogte tamatie en vele meer.

Vrugterolle, grondboontjies en neute te kies en te keur.

Vir volledige pryslys, kontak Kerkkantoor 021 853 5991

KERKNUUS UIT DIE OMTES:

JERIGO MURE & BASIN PRAYER:
Corporate fasting and prayer for SA (22-24 Sept 2019)
Ask of Me and I will give you, South Africa – Psalm 2:8
And a national day of Prayer for SA on 24 September 2019 (Heritage Day)
Churches and prayer networks across South Africa are calling for an urgent, nationwide time of corporate fasting and prayer in response to critical issues facing our nation, including gender violence and xenophobic attacks. Download prayer guidelines and declarations here:
https://jwipn.com/wp-content/uploads/2019/09/ASK-OF-ME-PRAYER-GUIDELINES-22-24-Sept-2019.pdf
https://jwipn.com/wp-content/uploads/2019/09/ASK-of-ME-Declarations-Final.pdf
Skakel na Jerigo Mure: https://jwipn.com/corporate-fasting-and-prayer-for-sa-22-24-sept-2019/

Berg-en-Seeklub vir Seniors.
Do. 3 Okt. 2019; @ 9:30 NG Moedergemeente SW, Andries Pretoriusstr.
Norman McFarlane, joernalis en viseredakteur van BOLANDER praat oor sy betrokkenheid by bestryding van VELDBRANDE, veral die afgelope tyd in die Wes-Kaap. Hy sal ook 'n film vertoon. Petru Smit (His Glory Ministries) doen die Skriflesing en gebed, terwyl die Wentzelgesin as musiekkunstenaars optree. Ma Cobie speel trekklavier (solo) en die vier kinders sing.
KOSTE: Besoekers R15: Lede R10
ALMAL WELKOM (OOK BESOEKERS)!

NUUS UIT DIE GEMEENSKAP

In LiG se Oktober-uitgawe vier ons mense se oorwinnings! Borskanker-oorwinnaars vertel hoe hulle ander op hul herstelpad help. Ysterman Alwyn Uys getuig hoe hy sport geniet, selfs in 'n rolstoel. En ons voorbladvrou, Franja du Plessis vertel dat God 'n plan het, selfs al gaan dit met pyn gepaard. Ons kyk hoe sendingwerk vandag lyk, en deel 'n ma se getuienis wat sê: "Ek het nooit gedink 'spesiale behoeftes' sal mý kind beskryf nie.
Vir gesinne gee ons raad wat geluk en vrede bring:

- Leer jou kind om te wag
- Bou jou huis op waardes eerder as reels
- LiG ondersoek die kwessie van aborsie
- In Oktobermaand sal LiG se inhoud jou inspireer en verryk!

Volg ons op Facebook en Instagram by @ligtydskrif.

LAERSKOOL HENDRIK LOUW FEESDAG

SAT. 5 OKT. 2019
Kom ondersteun Louwtjies se Feesdag! Vele aktiwiteite vir oud-en-jonk. Kompetisies sluit "Dodgeball" en 'n Potjiekos-kompetisie met "Laat die potte prut" se beoordelaars in.

Kom stal by ons vlooimark uit. Neem deel aan verfklasse. Besoek die spookhuis en nog vele meer. Die hele gesin is welkom.

Navrae:
hendrikl@mweb.co.za

Kontak:
021 853 1045

HANDWERKUITSTALLING & Expo

ACVV Strand hou weer hulle jaarlikse handwerk uitstalling en mini basaar. Kom doen u Kersfees inkopies vroegtydig. Die artikels is te koop gedurende die uitstalling. Kom geniet 'n heerlike dag met 'n koppie tee en koek, pannekoek of van die ander lekkernye wat te koop aangebied word. Ons bied ook 'n ligte middagete aan.
DATUM: 25 SEPTEMBER; TYD: 09h00 tot 14h00; PLEK: STRAND STADSAAL
HOOP OM U DAAR TE SIEN!!! Navrae: Mev J Dippenaar (021) 854-7215

KNIEWERK:

- Paul Louw kry steeds kankerbehandeling
- Christine Steenberg herstel na hospitalisasie

GELUKWENSING:

Erna & Johan Joubert het ouma en oupa geword. Baie geluk ook aan die ouers♫

FOKUSTEKS VAN WEEK ASOOK SONDAG, 22 SEPTEMBER SE BOODSKAP: LUK 16:1-13 (15DE WEEK IN KONINKRYKSTYD)

Die gelykenis handel duidelik oor die gebruik van geld en besittings, asook die verantwoordelikheid wat daarmee saamgaan. Maar, hierdie kort, fiktiewe vertelling is bedoel om 'n geestelike waarheid uit te lig, met 'n heel onverwagte draai. Ons moet dáárom nie simboliese betekenis aan elke persoon of gebeurtenis probeer koppel nie. Dis ook nie 'n voorbeeldvertelling wat wil sê nie: "Gaan en doen net so." Indien dit die geval was, sou ons sê Christene moet doen wat die oneerlike bestuurder gedoen het! Dit kan tog nie. Hier word veel meer oor bekering gepraat in terme van die gebruik van geld, besittings en lewensmiddele in die lewe van gelowiges. Jesus sê dat die mense van die wêreld weet hoe die wêreld werk en hulle gebruik dit tot hulle voordeel. Hoekom verstaan kinders van die lig dan nie hoe die koninkryk van God werk nie? Hy roep dissipels op om wys te word in die weë van die koninkryk; soos ander mense wys is in die weë van die wêreld. ~Bron:
http://preke.bybelmedia.org.za/~

Wat vra Jesus vir die gelowige kind van God? Dit is nie verkeerd om besittings te hê nie. Dit is nie verkeerd om hard te werk om kos en klere te hê nie. Onthou net dat jy niks daarvan saam met jou kan neem wanneer jy sterf nie. Dit is eintlik waarvoor ons moet voorberei en werk. Kyk hoe hard die wêreldse mense werk om gelukkig te wees hier op aarde; gaan dan werk net so hard aan jou geestelike bates, aan jou sielsgoedere en die Koninkryk van God sodat jy gelukkig saam met God sal lewe. Jesus het dit nie teen materiële dinge as sodanig nie, maar Hy het dit teen die sonde in ons, teen hebsug en selfsug en gierigheid. Geld verteenwoordig in die wêreld dikwels die mag van die sonde en verleiding, en daarom moet Christus se dissipels van die liefde daarvoor bevry word. *As materiële dinge vir ons die bepalende faktor in ons lewe word; as ons hele lewe en samelewing daarop ingestel is en daardeur beheer word; as ons ryk word ten koste van ander mense en hulle nood nie meer raaksien om hulle te help nie – dan is geld 'n afgod (Efesiërs 5:5) wat tussen God en ons staan." (Willie Jonker)*
~Willem Botes~

Jackie@Lourensrivier
OORGEE, OMGEE, AANGEE